## Sustershoekie:

All susters neem kennis! Die Lente en Mode oggendtee word verskuif na die 11de September 2010. Merk dadelik die datum in jou dagboek aan aangesien dit 'n heerlike dag net vir ons vrouens beloof te wees! Daar sal lekker saam geeet word, modes beskou word en selfs 'n paar stalletjies besoek word. Vir enige navrae kontak

Donsie by 0846272393 of
Anina by 0849909080

Enige gemeentelid wat nog sou belangstel om ietsie by die oggendtee van die susters gehou op 11de September 2010 uit te stal kan Donsie of Anina skakel vir verdere besonderhede.

## KLEINGROEPE

Die kleingroepe begin eersdaags met 'n volgende kursus wat ongeveer 2 maande gaan duur, hierdie keer in die vorm van 'n video-kursus. Die kursus het 'n tweeledige doel: (1) In die lig van die uitkomste van die gemeente se strategiese proses, wat onder leiding van br Deon Grobler gevolg word, het die noodsaak geblyk dat die kleingroepe verder betrokke en behulpsaam kan wees dmv deelname aan, en insette tot die strategiese proses, maar (2) benewens die bydrae wat kleingroepe kan lewer tot die strategiese proses, is ons oortuig dat hierdie nuwe kursus ook steeds verdere geloofsgroei by elkeen wat betrokke is, sal bewerk. Alle kleingroepleiers word versoek om vandag 22 Augustus, na die diens in die klein konferensiekamer in die kerkhuis bymekaar te kom vir 'n inleidende gesprek, en om dan in die daaropvolgende week julle groep weer bymekaar te kry vir 'n eerste ontmoeting in die nuwe reeks.

## Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

**BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES**

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

***Gereformeerde Kerk Benoni***
***Absa Bank***
***Tjek nr. 220 340 333***

**KOEVERT KERKBYDRAES en Bank en Internet betalings**
**Skryf naam of regte voorletters neer soos ons jou op kerkregister het As 'n Pa en seun dieselfde name het teken net aan van wie die bydrae kom Snr. of Jnr.**
**Ons het regtig baie dieselfde Vanne in die gemeente en ouers en kinders met dieselfde name**
**Sit ASSEBLIEF jou REGTE VOORLETTERS neer soos wat ons jou op die KERKREGISTER het , en wyk nr. of ouderling se naam**
**Die MAN se naam is voldoende want die bydrae word by die huisgesin geplaas.**
**Ons wil graag die regte bydrae by die regte gesin plaas**

## Kollekte:

In die banke **Diens v Barmhartigheid** by die deure vir **EkumenisiteitBuiteland** en volgende week **Teo.Studentekas**
Verlede week se kollekte was
**DVB. R 8938**
**Kerkkas R 2903**



## Bemarkingsagent vir gemeente gesoek

Ons is op soek na iemand uit die gemeente wat op 'n volgehoue manier kan help met reklame vir gemeente-aktiwiteite. Dit moet verkieslik, maar nie noodwendig nie, iemand wees wat ons Dinsdag-vergaderings (10vm) kan bywoon. Die idee is om posters, flyers en Powerpoint vertonings te maak wat die aandag voortdurend kan vestig op gebeurtenisse in die gemeente. Kontak Braam of Sarel vir meer inligting.

## Wyksbraai 29 Augustus

Die diakonie bied weer op Sondag 29 Augustus na die oggenddiens 'n wyksbraai aan. Die hele gemeente word hartlik na die geleentheid uitgenooi, maar spesifiek wyke 5, 6, 30 en 31 en al ons nuwe intrekkers. Bring jou eie vleis, drinkgoed, eetgerei en stoele. Bykosse word verskaf. Ons beplan om teen 12:00 by die kerk bymekaar te kom vir 'n lekker kuier-geleentheid. Kom ontmoet die mense in jou wyk en help om ons nuwe intrekkers welkom te laat voel! Kontak Moira Kloppers vir meer inligting: 082 480 3338

## Poshokkies na Kerkraad

Die gemeente word daarop gewys dat daar poshokkies vir die predikante, skribas en al die ouderlinge en diakens is. Posstukke en ander korrespondensie kan daar gelaat word vir die betrokke persone.

## VISITASIE:

Ons gemeente ontvang visitasie op Woensdag 8 September om 19:00 waartydens die visitatore die kerkraad ontmoet.

## Op die Program:

**Maandag**: Truth Project 19:00
Bybelstudie Rynpark 5, 9:30
**Dinsdag**: Bybelstudie 6:30 en 7:30
**Woensdag**: Palms 10:00 in die Konsistorie. Dr Sarel tree op.
20-Something 19:00
**Donderdag**: Gebedsgroep 19:30
**Vrydag**: Bybelstudie 9:00
Ingebruikneming kerkhuis 18:00

**Bybelvasvra – Soek die vers**

Verlede Sondag (15 Augustus 2010) se antwoord:
Gal 6: 8 "Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur **dood** & **verderf** oes.
Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees van die ewige lewe oes"
Die lewende woord vertaling noem slegs dood.
Die volgende lesers het gesoek en gevind:
Ruan Steyn
Betsie Coetzee
Jaap & Dorene Smit
Ida van Tonder
Elma Jansen
Judy Greyling
Hester Luus
Ina Bolt

**Koor**:
Die koor/sanggroep begin weer oefen met die oog op die Kerssangdiens einde November. Ons sal graag nog stemme wil bykry – veral mansstemme. Oefening elke Sondag om 17:15 in die konsistorie. Kom sing saam tot eer van die Here. Kontak:
Tarina van der Merwe

| Oggenddiens 9:00 | Eietydsediens 17:00 | Aanddiens 18:30 |
|---|---|---|
| ***Skriflesing*:** Genesis 17:1-7 & Galasiërs 3:15-29 ***Teks*:** Genesis 17:7 & Galasiers 3:26-29 ***Tema:*** Die doop gaan oor God! | | ***Skriflesing:*** *1 Timoteus 2:1-7 &* ***HK*** *11* ***Teks:*** 1 Timoteus 2:5, 6(a) ***Tema*:** Jesus, Saligmaker |

**Bybelvasvra Sê wie? – Die Bybel sê .....**

**Soek die vers**

Hierdie week se vraag:

"Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die **?????????** van elke huis waar julle die lam gaan eet"

Waar moes die Israeliete die bloed smeer?

Lees gerus die boek Exodus en SMS jou Naam & Van en die plek waar die Israeliete die bloed moes smeer en waar hierdie vers staan na 0828733173 as jy die antwoord gevind het.



# DOPPERJEUG

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar

23 Aug MARNUS JANSEN 084 270 4404
26 Aug SUNITA KATZ 011 422 3582
28 Aug ANNIEKA BILLING 011 973 3952
28 Aug MARIANKA JANSEN
28 Aug TAMLYN VAN DEN BERG

Vrydag is kidsgames ons gaan vingerbord kompetie hou kom speel saam in ons nuwe speletjies kamer

**27 Augustus Amtelike ingebruikneming van Speletjieskamer**

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

**22 Augustus 2010**

**Welkom:**

**Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)**

**Dienstye:**

**Oggenddiens: 09:00**
**Eietydsediens: 17:00**
**Aanddiens: 18:30**

**Diensbeurte:**

**Hierdie week: wyke 1,2,3,4**
**Volgende week: wyke 5,6,7,8**

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

25 Aug HELEN BARNARD 0798092526
25 Aug CHRISTO CUSSONS 0798766845
25 Aug BETTIE VAN DEN BERG 0826661146
25 Aug RITA VAN WYK 0847601359
25 Aug MYNHARDT VELTHUYSEN
26 Aug ESTIAAN STEYN 0741147163
*27 Aug CHRISTIEN DUVENAGE 0832791713

## OPNAME EN DOOP

Tydens die erediens vanoggend word **Elana Roets** opgeneem as lidmaat van ons gemeente. **Haar en Petrus** se dogtertjie, **Kayla**, word ook vanoggend tydens die diens gedoop. Byvoorbaat geluk aan julle almal.

## Lief en Leed.

Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

**Ds Peet Duvenage** het die afgelope Maandag 'n operasie in Unitas hospitaal (Centurion) ondergaan om 'n geblokkeerde aar in sy nek te herstel. Ons is dankbaar dat dit goed afgeloop het en bid hom 'n mooi herstel toe. Hy sal op 'n later stadium 'n soortgelyke operasie moet ondergaan om 'n ander aar in die nek te herstel.

**Oudl Paul Botes** is Woensdag aan sy rug geopereer. Ons is dankbaar dat die operasie goed afgeloop het. Aan almal wat aan my gedink het en opgedra het aan die Here, Baie dankie. Rom12:36 Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dilnge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid Amen.

**Tannie Martie Vermeulen** het Dinsdag 'n operasie ondergaan om borskanker te verwyder. Ons is dankbaar dat daardie operasie ook goed afgeloop het.

**Oom Faan Nel** sterk aan in Rynpark 4

Gereformeerde Kerk Benoni
Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

## Hoërskooljeug

**Die Jeug se speletjieskamer word DV op 27 Augustus amptelik in gebruik geneem**. Daar is 'n tafeltennistafel, pooltafel, veerpyltjies, en verskeie ander speletjies, ook kaartspeletjies.

**1.** Ons neem die kamer in gebruik op 27 Augustus vanaf 19:00. Al die hoërskoolkinders en hulle ouers word genooi vir 'n bring-en-braai, terwyl die jeug hulle kamer uittoets.

**2.**Die jeug begin met 'n rondomtalie uitdaging in Darts, pool en ping-pong. Daar sal uiteindelik ¼ en ½ -eindrondtes wees, en oom Braam daag die wenner in die seunsafdeling tot 'n "show down" en Anina v/d Walt daag die meisiewenner uit! Ons benodig van ons ouers om in 'n toesighoudende hoedanigheid by die kompetisie betrokke te raak. Kontak asseblief vir Herman (073 408 2226), ons jeugwerker.

**3**.Ons beplan om self houttafels te maak wat ons buite kan sit vir kuierplek. Br Jaap Smit organiseer vir ons 'n werkspan om te help. Hy sal later die datum deurgee. Ons benodig asseblief **DONASIES om die hout en vernis mee aan te koop.**

**1.**Daar is steeds elke Donderdag om 19:00 'n kleingroepbyeenkoms vir die hoërskoolkinders. Almal is welkom.

**2.**Ons is ook op soek na 'n naam vir die hoërskoolgroep – die Sinode praat van GTA (Gereformeerde Tieneraksie) maar ons soek iets oorspronkliks! Voorstelle na Herman of Erika Buma, asseblief. Ons wil weer ons ouers aanmoedig om die kinders te help met vervoer, so nie kan Herman of Erika geskakel word om te help met vervoer.

**Enige navrae: Herman 073 408 2226**
**of Erika 082 888 6862**



### BYBELSTUDIE VIR HOËRSKOOLJEUG

Donderdagaande 19:00 tot 21:00 in die kerkhuis.

### '20-SOMETHING' KLEINGROEP

Hierdie kleingroep is vir ouderdom 18-30jr en kom elke Woensdagaand 19:00 bymekaar in die kerkhuis se koffiekroeg.

### HOËRSKOOL JEUGBYEENKOMS

Vrydagaand kom die Hoërskooljeug om 19:00 bymekaar waartydens 'n spreker (Johan Erasmus) gaan kom gesels oor die opstanding van Christus as werklike gebeurtenis, en hoe ons onsself verdedig teenoor mense wat sou meen dat dit nie regtig gebeur het nie. Alhoewel hierdie 'n geleentheid vir die jeug is, is enigiemand welkom synde die populariteit van die onderwerp.

### Kidsgames

Vrydag is kidsgames ons gaan vingerbord kompetie hou kom speel saam in ons nuwe speletjies kamer



# Sionsberg-Kampterrein Heidelberg

**Die Datum: 15-17 Oktober 2010**

Vervoer: Elke gemeente verantwoordelik vir Plek:Heidelberg (Sionsberg Kampterrein) – Fotos hier onder

Koste:R350 vir die kospotte van Egipte en die verblyf homself. Afstand van Benoni is 47.5 km en van Boksburg 46 km.

Tema: Ons het 'n wakker tema wat die kinders goed sal toerus. Dit handel oor Dissipelskap en die verdediging van die Christelike geloof.

Die naweek is daar twee kampe. Een vir die laerskool en een vir die hoërskool. En die naskoolse jeug is ook welkom om saam te kom kuier en te kom help.

Kom ons maak die geleentheid 'n vaste naweek op elke jaar se kalender, help ons om die jeug daar te kry asb.

Hoe werk die betaling:

Hier is die bankbesonderhede en inligting vir die betalingsbewyse.
M Kloppers
Spaarrekening: 204 814 3981
ABSA 632005
Verwysing: Gemeente afkorting + Voorletter + Van van kind
(Bv. BEN-MKLOPPERS)

**Gemeente afkortings**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kempton Park Noord | KPN | Primrose | PRI | Springs | SPR |
| Benoni | BEN | Alberton | ALB | Boksburg | BB |
| Kempton Park | KP | Boksburg Suid | BBS | Brakpan | BPN |
| Tembisa | TEM | Germiston | GER | Delmas | DEL |
| Tembisa Wes | TMW | Heidelberg | HDB | Brakpan Suid | BPS |
| Kempton Park Mooifontein | KPM | | | Daveyton | DV |

Ds. Reynold Fourie
Sel:0847076276
Tel:0119161420
Fax:0866983951